Heilbron
# Herald
IF IT IS NOT IN THE HEILBRON HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR.
WEEK 38 Deel 110
VRYDAG - 27 SEPTEMBER 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Wilgerivier eindig Tops

## *Wilgies SA Kampioene*




Hoërskool Wilgerivier is breëbors nadat die skool se 0/15 netbalspan die jaarlikse FAST 5 SA kampioenskappe die week in Boksburg gewen het. Wilgies eindig eerste uit 15 deelnemende skole.

Top 4 skole is as volg: Wilgerivier, Kemptonpark, Monument en Menlopark. Hulle kom in die semi-finaal teen Monument te staan en wen die wedstryd 21-15. In die finaal klop hulle Kemptonpark met 20 doele teen 15.

*Op die foto regs verskyn spelers vlnr: - Luané Groenewald, Lirene Bester, Lené Richter, Elmé Muller, Mieke Roberts, Jonél Janse Van Rensburg en Christine Malan.*

# Verstopte riool aangespreek



Ngwathe het na verskeie klagtes en ook mediaberigte dié week 'n kontrakteur gekry om die verstopte mangate en hoofrioollyn oop te kry.

Daar is sowat twee dae gespook om die probleem aan te spreek en hopelik sal dit nou beter gaan. Aan die oostekant van Heilbron is kontrakteurs tans besig om 1 200 erwe uit te lê en daar is reeds begin met die uitgrawing van 'n rioolnetwerk vir die erwe. Vrae word gevra of die huidige stelsel die nuwe lading sal kan hanteer en of daar enigsins 'n impakstudie gedoen is om te bepaal wat die impak daarvan op die dam en omgewing gaan hê. Die nuwe erwe se riolering sluit in die omgewing van die spruit by die huidige hooflyn, wat gereeld verstop is, aan.


ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
28 September om 11:00
VRYDAG
11 Oktober om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

# *Misdaadverslag*

Op 19 September was daar 'n motorkaping by Total Garage om 16:50. 'n Hilux is deur twee gewapende mans gekaap en weer in Roodepoort teruggevind. Heilbronners moet op die uitkyk wees vir verdagte persone omdat huisinbrake en voertuigdiefstal steeds toeneem.

Volgens statististiek gebeur dit gewoonlik in die oggende en die SAPD kan gekontak word met enige inligting.

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en Inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
www.bkb.co.za



# Tuisversorging van die bejaarde met Demensie

**• HEILBRON KLINIEK**

Ernstige vergeetagtigheid/verwarring by bejaardes is seldsaam. Die meerderheid van bejaardes woon tuis en het min of geringe geheueprobleme.

Ons kry egter sommige ouer persone wat ernstige probleme ondervind met vergeetagtigheid. Hulle het soms probleme om dinge van een oomblik na 'n volgende te onthou. Hulle kan vergeet waar hulle is en waarom hulle daar is. Hulle dink soms hulle is baie jonk. Hierdie graad van geheueverlies en verwarring kan soms tydelik wees.

Wat ook al die graad van geheueverlies is, dit behoort onder die aandag van die persoon se dokter gebring te word wat moontlik behandeling vir die onderliggende oorsake kan voorskryf.

Wanneer ernstige geheueverlies en verwarring oor 'n tydperk van maande of jare voorkom, word daarna verwys as demensie. Die term "Demensie" beskryf die simptome wat voorkom wanneer die brein geaffekteer word deur sekere siektes. Demensie is die globale term om die verskillende breinsiektes wat bejaardes kan affekteer te beskryf.

Die oorsake van demensie sluit in Alzheimer se siekte, Vaskulêre demensie, Alkohol of HIV/VIGS verwante demensie en andere.

Alzheimer se siekte is die mees algemene vorm van demensie en is verantwoordelik vir omtrent twee derdes van alle demensie gevalle.

Alhoewel daar geen mediese geneesmiddel vir demensie is nie, kan 'n aantal bestuursmetodes die lewe van die persoon en ook die versorger meer aangenaam en gemaklik maak.

Die volgende hanteringstegnieke word voorgestel. Daar moet egter onthou word dat die hantering van 'n persoon met demensie verskil van persoon tot persoon omdat elke persoon uniek en verskillend is.

**Geheue, Denkpatrone en Gesprekvoering**

• Onthou die belangrikheid van goeie kommunikasie. Maak seker dat gehoorapparate, brille en gebit in plek is en in 'n goeie werkende toestand is.

• Praat duidelik en stadig. Gebruik eenvoudige taal.

• Gebruik liggaamstaal deur aan te raak, gebare, bewegings, ens, gedurende die gesprek te gebruik. Demensielyers is soms verrassend sensitief vir liggaamstaal.

• Maak seker dat horlosies, kalenders en aanduidings van waar watter vertrekke is baie duidelik sigbaar is. Horlosies wat elkeen 'n ander tyd aandui, kan baie verwarrend wees. Een horlosie met die korrekte tyd is genoeg.

• Moenie saamstem met verwarde denkpatrone nie. Wees taktvol en stel dit reg of verander die onderwerp. Dit is soms moeilik veral as die persoon omgekrap is. Dit mag moontlik wees om gerusstellend te wees, sonder om met die verwarde denke saam te stem deur iets te sê soos: "Ek sien nie iemand in hierdie vertrek nie, maar ek weet dat jy kan en dit onstel jou". Hierdeur herken hy die vrees sonder om saam te stem met die verwarde denke.

**Herhaling**

• Hanteer die herhaling van vrae met soveel takt en geduld as moontlik.

• Vertel die persoon wat nou gebeur en wat volgende gaan gebeur. Dit kan wees dat jy die heelwat kere sal moet herhaal.

• Moenie die persoon ignoreer of sê: "Ek het jou nou-net gesê" nie. Dit kan die persoon angstig of bang maak.

• Onthou dat die persoon vrae vra omdat hy/sy nie die antwoord weet nie.

• Soms mag die vrae verband hou met 'n behoefte wat vervul word deur die vra van die vrae.

• Antwoord die vraag en stel die persoon gerus.

• Probeer die persoon se aandag aftrek van die herhalende vraag deur hom/haar iets anders te gee om te doen.

**Algemene voorkoms, higiëne en kleding**

• Sommige persone moet gereeld herinner word aan hulle eie higiëne. Hulle vergeet wanneer laas hulle gestort, gebad of geskeer het.

• Al kan hulle nie die hele roetine alleen doen nie, laat hulle toe om te doen wat hulle nog kan. Hanteer versorging stap vir stap.

• Gebruik bad- en storthulpmiddels.

• Betrek die persoon in die keuse van klere.

• Lê die klere uit in die volgorde waarin dit aangetrek moet word.

• Verwyder klere wat gewas moet word uit die sig van die persoon.

• Komplimenteer die persoon op sy/haar netheid en goed versorgde voorkoms.

**Ronddwaal**

• Om rond te dwaal van een plek tot 'n ander met geen vooropgestelde doel nie, is baie algemeen by die verwarde persoon. Dit kan wees as gevolg van 'n gebrek aan stimulasie of gedisoriënteerdheid.

• Probeer om die persoon se aandag af te lei sonder om hom/haar te konfronteer.

• As die persoon gereeld ronddwaal installeer slotte wat moeilik oopmaak. 'n Slot aan die onderkant van die deur, waar die persoon dit die minste verwag, werk goed.

**Aggressie**

• Moenie aggressie hanteer asof dit afkomstig van 'n gesonde persoon nie. Demensie-aggressie is gewoonlik in die oortreffende trap.

• Bly kalm. Aggressie sal toeneem indien jy kwaad word. Tel tot tien voordat jy iets sê. Probeer dan die persoon se aandag aflei.

• Vergeetagtigheid is 'n voordeel in hierdie situasie. As die uitbarsting oor is, sal die persoon gewoonlik vergeet wat gebeur het.

• Poog om sensitiewe onderwerpe te vermy.

**Mobiliteit**

• Moedig gereelde stap aan, dit kalmeer die persoon en laat hom meer ontspan.

• Laat die persoon toe om teen sy/haar eie pas te stap.

• Aanvaar dat die persoon soms net 'n kort afstand wil stap.

• Stap gee goeie oefening.

• Moedig die beweging van die arms aan terwyl die persoon stap.

• Persone baat by oefening en slaap beter daarna.

• Persone hou gewoonlik nie van klein bewegings nie en raak maklik verveeld.

• Masering kan goeie voordele inhou.

**Persoonlike higiëne**

• As die persoon onwillig is om ten volle te verklee, laat toe dat hy/sy met onderklere aan stort. Die nat klere sal vinnig uitgetrek word.

• Trek klere aan wat maklik aan en uit getrek kan word by broeke met rek of velcro.

**Eet en drink vermoë**

• Gereelde maaltye sal slegte eetgewoontes voorkom.

• Sagte kos word aanbeveel. Om te kou kan moeilik wees en die persoon kan die kos uitspoeg as daar harde stukke in is.

• Toets die temperatuur van die kos. Hulle kan nie altyd bepaal of dit te warm is nie.

• Die persoon is geneig om voorkeur te gee aan soet voedsel.

• Laat die persoon toe om self te eet. Dit sal hom/haar besig hou en help met kleinspierbewegings.

**Besoek aan die geneesheer**

• Die persoon kan weerstand bied teen die besoek aan 'n dokter, moontlik as gevolg van die stigma van 'n psigiese probleem.

• Lig die persoon kort voor die besoek in oor die besoek om te voorkom dat die persoon weerstand opbou en gespanne raak.

• Verlig die spannig terwyl op die dokter gewag word deur met die persoon te praat en deur tydskrifte te blaai.

• Vat 'n versnappering saam.

• Die versorger moet teenwoordig wees tydens die konsultasie om klagtes, pyne, simprome en gedrag te verduidelik.

• Maak seker dat die persoon so sit dat hy/sy die gesprek kan waarneem. Dit help om die vertrouens- verhouding te versterk en kommunikasie te verbeter, veral as die persoon gehoorgestremd is.

**Medikasie**

• Dosisse is baie keer die gestandariseerd nie bv 5 x 5mg in plaas van 1 x 25mg. Dit verwar dan die persoon wat dan glo dat die dosisse verhoog is.

• Gereelde stiptelike toediening van die medikasie is baie belangrik. Waar moontlik moet die medikasie altyd deur dieselfde versorger gegee word. Waar so 'n versorger afgelos word moet daar vooraf aan die pasient verduidelik word wie sy medikasie vir hom/haar gaan gee.

• Dit is soms goed om nie sy gedrag as rede te gee vir die gebruik van medikasie nie. Die verduideliking moet egter opreg wees en verband hou met sy/haar simptome.

• Oros koeldrank verberg die smaak van medikasie.

**Toilet gewoontes**

• Gereeld en korrekte gebruik van die toilet kan 'n probleem wees. Moedig die gereelde inname van vloeistowwe aan gedurende die dag, maar voorkom inname van vloeistof voor bedtoegaantyd.

• Inkontenensie. 'n Plastiese laken op die bed help om die matras skoon te hou.

• Stel vas wat die oorsaak van die inkontensie is bv. dit kan wees dat die persoon gedisoriënteer is of dat die persoon geen beheer het nie. Dit sal beteken dat die persoon weer geleer moet word om die toilet te gebruik, wat beteken dat die persoon op gereelde intervalle na die toilet geneem moet word. Dit kan die beste gereguleer word deur middel van 'n kaart met die hoofde: Tyd, Droog/Nat, Gebruik van toilet ens.

• 'n Dokter kan medikasie voorskryf indien nodig, Inkontenensie kan ook wees as gevolg van bv urienweginfeksie.

**Geheue hulpmiddels**

• Wees voorbereid om te herhaal wat hy vir hom/haar sê.

• Wees voorbereid om te herhaal wat jy vir hom/haar sê.

• Maak notas van daaglikse take en roetines en plak dit op sigbare plekke op.

• Gebruik 'n groot kalender en merk dit daagliks af.

• Moedig die hou van 'n dagboek aan en skryf die name van familie neer.

• Plak 'n prent van 'n toilet op die toilet deur of 'n foto van die persoon op die slaapkamerdeur sodat hulle die vertrekke kan herken.

**Kommunikasie**

• Demonstreer hoe dinge gedoen word bv. hoe om aan te trek.

• Berei voor hoe om 'n taak uit te voer deur bv. klere in die regte volgorde uit te lê.

• Gebruik kort sinne in eenvoudig verstaanbare taal.

• Trek die persoon se aandag deur liggies aan hom/haar te raak.

• Gesels een tot een.

• Poog om geraas uit te sluit.

• Wees ferm.

• Wys fotos van familie en vriende terwyl jy van hulle praat.

• Gee emosionele steun deur:

• Persoon in kontak te hou met vriende.

• Wees gerustellend. (Bv. Ons is lief vir jou)

• Aanraking is ook gerustellend.

• Moenie kwaad raak nie. Soms is dit moeilik maar noodsaaklik om te onthou.

**Aktiwiteite en belangstellings**

• Baie kyk televisie sonder dat die klank aan is, te veel stimulasie maak die persoon deurmekaar.

• Luister na ou gunsteling musiek.

• Gaan stap.

• Beoefen 'n gunsteling stokperdjie.

• Gaan op uitstappies.

• Video's is goeie ontspanning.

• Moedig die lees van tydskrifte aan.

• Kyk deur foto albums.

• Inkleurboeke en kunswerk is goeie terapie.

## Het jy geweet ?...

Bome groei regop - self teen 'n helling

Bome en die meeste ander plante bespeur swaartekrag met behulp van klein strukture in die selle van hul wortels en lote wat statoliete genoem word, wat vir hulle sê watter pad bo is - 'n proses wat bekend staan as gravitropisme. Hierdie sakvormige strukture is ook verantwoordelik vir die stoor van die voedsel in die vorm van stysel. Statoliete word deur die gravitasie aangetrek na die onderkant van hul sel en vertel die boom dat die rigting na onder is. Die boom reageer deur sy wortels na onder te laat groei en na bo te skiet. As die boom egter op sy sy geblaas word, sou die statoliete skuif en hulle gaan hervestig teen watter deel van die sel nou na onder draai. Die boom sal dan hierdie inligting gebruik om homself te oriënteer en voort te gaan om sy lote vertikaal te laat groei.

# Musiekfees

## *NG Moedergemeente*

Musiekliefhebbers van Heilbron en omgewing word eersdaags op 'n heerlike musiekfees getrakteer in die kerkgebou van NG Moedergemeente, Heilbron. Die geleentheid vind Saterdagmiddag, 12 Oktober om 14:00 plaas. Die orrel word opgeknap en Professor Theo van Wyk van die Universiteit van Pretoria gaan optree. 'n Aantal ander musikante kom ook saam om die geleentheid af te rond. Dit beloof om 'n besondere geleentheid te wees, moenie dit misloop nie!

Jongmense word ook spesiaal uitgenooi om musiek uit verskeie eras te kom geniet. Jy mag dit dalk meer geniet as wat jy gedink het!




START COLLECTING TODAY!
SPAR
SAVE 75%
PER PAIR OF CRYSTAL GLASSES
SCHOTT ZWIESEL
Tritan® protect
10 September - 31 December 2019 Terms and Conditions Apply. See Details In-Store.
GET YOUR COLLECTOR CARD IN-STORE NOW!
AS SEEN ON TV
SPAR Long Life Full Cream, Low Fat or Fat Free Milk 6 x 1 litre
69.99 per pack
Stork Country Spread Tub 1 kg
31.99
FROZEN CHICKEN
MIXED PORTIONS WITH BRINE BASED MIXTURE
5 kg
139.99
SPAR IQF Mixed Chicken Portions 5 kg
AS SEEN ON TV
All Gold Tomato Sauce 700 ml
21.99
AS SEEN ON TV
Nescafé Ricoffy (excluding Decaf) 750 g
72.99
Crosse & Blackwell Tangy Mayonnaise Only 750 g
22.99
AS SEEN ON TV
Baby Soft Toilet Tissue (2 ply) 18s
Get an extra R5 off x 10
STORE PRICE R89.99
Rewards members price R84.99
AS SEEN ON TV
Sunlight Spring Sensations, Tropical or Lavender 2 in 1 Hand Washing Powder 2 kg
37.99 each
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) up to and including 29 September 2019, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. TV products available nationally. Not available in KwaZulu-Natal, Lowveld, Eastern or Western Cape. Prices include VAT.

# 'N SAD STORIE MET 'N HAPPY ENDING



**DEEL 4** *(Vervolg...)*

Donderdag praat ons die hele dag om. Allie se bene is nog seer. Ons praat die hele dag oor Liena. Allie meen sy kon die lekkerste ertjiesop maak. Dis sleg om van haar te praat in die verlede tyd, maar ek besluit ek sal in die verlede tyd van haar praat wanneer ek so voel. Sy voel nog nie vir my dood nie.

**VRYDAG, 9 JULIE, IS HULLE HUWELIKS-HERDENKING.** Sestien jaar getroud, vyf jaar uitgegaan. Allie stuur al vroeg 'n sms om te vra wanneer ek nou eendag gaan opdaag. Sy maag pyn. Ek sit die hele dag by hulle, en vryf Allie se maag. Ons huil saam, ons lag saam. Oor alles wat Liena vir ons beteken. Het.

Dr. Alex Skinner, ortopeet, kom vra wanneer hulle gaan terugvlieg, want die kaartjies moet bespreek word. Wonderwerk: Iemand het vir hulle twee Business Class kaartjies gekoop!

My ma wil graag na Liena gaan kyk sodra sy in Bothaville by AVBOB aankom. Frank het gesê dat dit nie moontlik is nie. Hy vertel hoe sy gelyk het. Ek onthou wat ek langs die stofpad gesien het. Ek moet eerlik vir my hartseer pa en ma vertel wat Frank gesê het en wat ek gesien het. Hulle kan haar mos nie so onthou nie!

Een van die rugbyspelers vertel dat hy daardie aand 'n wedstryd gaan speel teen Bethlehem Oud-Skoliere. Hy wil die wedstryd vir Liena speel. Hy sit 'n swart bandjie om sy bo-arm en draf vir haar uit. My tuisdorp verloor die rugbywedstryd. Slegs een drie is aangeteken: daardie rugbyspeler se drie vir Liena! Hy word aangewys as die "Man of the Match" en dra dit aan Liena op.

**SATERDAG VROEGOGGEND, SMS ALLIE WEER:** "Kom nou, los jou tee!" Vir die eerste keer tel ons Allie regop sodat hy op die Koning se Stoel kan sit, aangesien die toilet-ding nie sal werk nie. Hy het baie pyn, maar verduur dit omdat ons wil huis toe gaan. Hy sê dat hy graag 'n doughnut wil hê. Ek stap Pick 'n Pay toe ek koop 4. Nee, nee, nee, hy soek 'n doughnut-kussing!

Ek en Frank praat oor Liena se klere. Moet ons vir haar iets laat aantrek? Wat? En hoekom? Ons besluit om dit nie nog erger te maak nie, want niemand mag haar in elk geval sien nie. Frank loop vir die eerste keer 'n ver ent.

Sondagoggend sms Allie wéér: "My maag en rug pyn!" Ons haal die kussings onder sy bene uit, en hy lê heel gemaklik. Later kry hy nuwe gips, en alhoewel dit seer is, voel hy beter. Ons kan al amper huis toe gaan.

Maandagoggend word hulle met die ambulans Hosea Kutako toe geneem. Ek, tannie Karen en oom Albert ontmoet hulle op die lughawe. Hulle wil nie vir Allie op die vliegtuig laat kom en hom laat vlieg nie, omdat hy nie mobiel is nie. Frank tel hom toe sommer met seer skouer en al op, en maak hom sit op een van die sitplekke.

In Johannesburg geland, word ek met 'n begeleier deur doeane geneem, en kry later vir Frank en Allie in die lughawe-kliniek. Frank se huisdokter, Emile Kotze, het ons kom haal. Deon is ook op die lughawe, ons bid saam en sê dankie dat alles goed verloop het. Ons ry in stilte terug Potchefstroom toe.

**EN ONS WONDER HOE DIT GAAN VOEL OM ALLEEN IN 'N LEË HUIS IN TE STAP.**

By die huis in Potch staan 'n nuwe motor. Ons dink dis vriende wat ons inwag. Binne-in die huis kry ons die sleutel van die motor. Wonderwerk: Daly BMW het dit hier kom los sodat Frank iets het om mee te ry.

Ek besluit om by Jan te gaan kuier sodat Frank en Allie eers alleen kan wees. Hulle wil nie, en ek bly. Later die aand soek ek foto's op die rekenaar vir Liena se begrafnisbrief. Frank kies die foto wat hy wil hê en die volgende oggend gaan gee ons die brief af sodat dit gedruk kan word.

My pa en ma kom Dinsdagoggend Potch toe om vir Frank en Allie te kom kuier voor die begrafnis. Dit was 'n belewenis om my ouers te kon sien: Pa druk vir Frank styf teen hom, en sê: "My seun!" My ma soen en druk hom en sê: "My kind!". So asof hy van altyd af bloedfamilie is. In ons harte is hy in elk geval van lankal af deel van ons. Jan en Marinda daag ook op, en 'n plaaslike restaurant stuur (gratis) middagete. Wonderwerk!

Ons praat oor die afgelope maand. Liena het geweet. Sy moes geweet het! Drie weke voordat hulle Namibië toe is, het Frank en Allie gaan jag saam met vriende. Liena het vir hom 'n boek gegee om te lees: "Die Eerste 5 minute na die Dood" geskryf deur Isak Burger. Hy het dit klaar gelees en toe vir haar gegee om te lees. Sy was besig om dit te lees toe die ongeluk plaasgevind het. In hierdie boek staan ook die teksvers wat met haar begrafnis gebruik is. Deon het nog nooit die boek gelees nie. Hoe het hy dit dan geweet? (Dis die boek wat ek op die lughawe moes gaan soek het sodat tannie Karen-hulle dit kon lees.)

Sy het twee keer gedroom dat sy verhuis na 'n nuwe, spierwit huis. Sy het vir Frank daarvan vertel, en hy het gesê: "Vertel waar is die huis, laat ons solank pak." En sy het geantwoord dat dit nét sy is wat gaan trek.

Ek het so twee maande tevore daar gekuier, en vir Liena gevra wat ek met Allie moet maak, sou hulle twee iets oorkom. Sy het gesê: "Vra vir Frank."

**SY HET DIE WEEK VOORDAT HULLE NAMIBIË TOE IS, ELKE DAG GEBEL.** Hoekom? Hoekom moes ek nie saamgegaan het nie?

Sy was nooit lus om Namibië toe te ry nie. Vlieg was beter. Toe Frank voorstel dat hulle moet ry, het sy nie gevra dat hulle eerder moet vlieg nie. Sy was heel tevrede oor die ryery. Hoekom?

*...word vervolg...*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Sin Kol: Gemeentehulp 2

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS


## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***




## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.




habby&lace
SOUTH AFRICA'S NO1 FABRIC & HOME STORE
NEW SEASON SALE
OPEN
24TH SEPTEMBER 2019
9:00 - 13:00
WWW.HABBYANDLACE.COM
FOLLOW US FOR DAILY POSTS
016 422 5400
info@habbyandlace.co.za
56 Voortrekker Street, Vereeniging
We Courier Throughout SA
SAVE UP TO R700!!! SAVE UP TO R700!!! SAVE UP TO R700!!!
NOW R29$^{99}$ PM
PRINTED KOSHIBO (150CM)
WAS R49$^{99}$ SAVE R20
NOW R49$^{99}$ PM
PRINTED DTY (150CM)
WAS R69$^{99}$ SAVE R20
NOW R59$^{99}$ PM
EMBROIDERED & PRINTED COTTON (150CM)
WAS R69$^{99}$ SAVE R10
NOW R89$^{99}$ PM
PRINTED NYLON LYCRA (150CM)
WAS R129$^{99}$ SAVE R40
NOW R99$^{99}$ PM
PLAIN & TWO TONE GUIPURE (150CM)
WAS UP TO R199$^{99}$ SAVE R100
ANY 10 FOR R49$^{99}$
SEW EZI 1000M COTTON
FROM R10$^{99}$
JOHN JAMES NEEDLES (PER CARD)
NOW R14$^{99}$ EA
SINGER MACHINE OIL (100ML)
3/4 - R299$^{99}$
DBL - R399$^{99}$
Q - R444$^{99}$
HORROCKSES COMFORTERS
NOW R99$^{99}$ EA
PLAIN VOILE (230X2.18)
WAS R169$^{99}$ SAVE R70
NOW R16$^{99}$ EA
GUEST TOWELS (40X60)
NOW R99$^{99}$ EA
GLASS OVEN DISH
WAS R139$^{99}$ SAVE R40
NOW R39$^{99}$ EA
KARTOPU MELANGE 100G, TWEED 100G & LUX 100G
C. KNIT BASKET WITH LID R99$^{99}$ EA
D. KNIT TOILET BRUSH R59$^{99}$ EA
A. KNIT LAUNDRY BASKET R269$^{99}$ EA | B. KNIT HIPSTER LAUNDRY BASKET R159$^{99}$ EA
FROM R149$^{99}$ EA
BABY BAGS
NOW R799$^{99}$ EA
ELEGANT CARPET (160X230)
WAS R1499$^{99}$ SAVE R700
FROM R149$^{99}$ EA
ANGLE ELEGANT CARPET (100X100)
NOW R69$^{99}$ PM
GEOMETRY UPHOLSTERY FABRIC (140CM)
WAS R199$^{99}$ SAVE R130
NOW R29$^{99}$ PM
PRINTED MINI MATT (150CM)
ROLL PRICE +-50M R24$^{99}$ PM
(600X900) R650$^{99}$ EA
(1000X1200) R1050$^{99}$ EA
(1200X1500) R1350$^{99}$ EA
(1500X1800) R1799$^{99}$ EA
CLARA & CAMILLA BLINDS
WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES - SALE WHILE STOCKS LAST - PRICES VALID FROM THE 24 SEPTEMBER TILL 26 OCTOBER 2019 - IMAGES USED FOR ILLUSTRATION PURPOSES

# Braaidag by Huis Bron-van-Heil





*Dinsdag 24 September 2019 was dit weer tyd vir die jaarlikse Hoogte Boerevereniging-braai vir Braaidag by Huis Bron-van-Heil. Die mans en vroue van Hoogte Boerevereniging het die inwoners bederf met braaivleis, bykosse en natuurlik roomys om die ete mee af te rond. Daar is heerlik in die tuin om die braaivleisvure saam gesels, gelag en staaltjies vertel. Die dag sal ook nie dieselfde wees as daar nie snoeker saam met die manne van die tehuis gespeel word nie. Daar word uitgesien na Erfenisdag 2020! Op die foto links: Lede van Hoogte Boerevereniging. Op die foto regs: Agter vl: Hennie Roets, Claas Cilliers, Willie van Tonder, Jeff Roos, Hans Botes en Sharky Kühn. Voor: Helgard Claassen.*

## VF Plus begin projek om inwoners van Vanderbijlpark te bemagtig

***• Gerda Senekal***
***VF Plus-raadslid***

Die VF Plus in Vanderbijlpark begin eersdaags met 'n gemeenskapsprojek om mense meer te leer oor onder meer noodhulp, brandbestryding en veiligheid in en om die huis.

Die program sal oor 'n paar maande strek en kundiges sal die kort kursusse gratis aanbied.

Mense wat daarin belangstel om meer hieroor te wete te kom, kan gerus vir Gerda Senekal skakel by 076 616 2124.

## Suksesvolle veilings aangebied



*Op Vrydag 13 September 2019 het Preiss en Kock Merinos hul 10de produksieveiling gehou te Frankfort, Royal Auction. Dit was 'n ongelooflike dag met 100% verkope op die ramme, wat alles te danke is aan die besonderse kwaliteit van die diere. Die duurste ram (lot 10) was verkoop aan mnr Willem Bester van Heilbron vir R20 000. Die gemiddeld op die ramme was R9 578. BKB Louwid bedank al die kopers vir 'n suksesvolle en lekker dag. Op die foto vl: Wentzel Voster (BKB Louwid); Freddy Kock (verkoper, Preiss en Kock); Reinhardt Kock (verkoper, Preiss en Kock); Willem Bester (Koper); Jan Mostert (BKB Louwid Afslaer); Danie De Wet (BKB Skaap en wol beampte).*



*Op Dinsdag 10 Septemer het Eversar Sussex Senepol & Calcrete Senepol Stoet hul 28ste produksieveiling gehou te Petrus Steyn, Georgeplaas. Dit was 'n goeie dag in die ring met die duurste Sussex bul (lot 3), wat verkoop is vir R80 000. Die gemiddeld op die Sussex bulle was R37 916. Daar was 100% verkope op die Senepol bulle wat 'n gemiddeld van R32 000 behaal het. BKB Louwid bedank alle kopers vir 'n suksesvolle dag.*






# GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 27 Sept. | 2 / 27 | Sonnig |
| Sa 28 Sept. | 4 / 29 | Sonnig |
| So 29 Sept. | 9 / 29 | Sonnig |
| Ma 30 Sept. | 9 / 26 | Sonnig |
| Di 1 Okt. | 6 / 23 | Gedeeltelik bewolk |
| Wo 2 Okt. | 5 / 24 | Sonnig |
| Do 3 Okt. | 10 / 26 | Sonnig |
| Vr 4 Okt. | 13 / 27 | 49% kans vir laatmiddag buie |
| Sa 5 Okt. | 13 / 29 | Sonnig |
| So 6 Okt. | 14 / 29 | Sonnig |
| Ma 7 Okt. | 14 / 30 | Gedeeltelik bewolk |

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE CORNELIUS WILHELMUS VAN ZYL**, Identity Number: 330803 5005 085, in life married out of community of property, the farm Aankom, Rooiwal, district Koppies, 9650, Province Free State, Estate Number: 4616/2016.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### BLOEDSKENK HEILBRON
***PLEK:***
***N.G Kerksaal (Suid)***
• 26 November




### OPSOEK NA WEIDING
Weiding vir ± 12 beeste.
Skakel 066 298 6205
K1697

# TE KOOP

GiG Technologies
Kerk Str. 44
Heilbron
072 840 4493
info@gigtechnologies.co.za
Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!!
From R299.00 p/m
www.Jenny.co.za 086 145 3669

### VOER TE KOOP
Voer te koop.
**Kontak**
**083 688 8256**
K

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman**
**083 292 1503**
G

*Order yours Today*

*Including Vat & delivery in Heilbron, Frankfort, Petrus Steyn & Reitz.*

Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450 (4 Shelves)



Contact Christelle or Delareyz

Herald
Office National
**44 Els Street • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**

### HONDJIES TE KOOP
• Miniatuur Worsies te koop. 2 x Geënt. Ontwurm en opreg. R3 000.
• Great Danes te koop. 3 Entings en ontwurm. Opreg. Ook jong waghonde by Giapanta KUSA Kennel te Koppies.
**Kontak 076 212 1474**
DB

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 7 | | | | | | 5 |
| 5 | | | 4 | 2 | | | | 1 |
| | 4 | | | | 5 | 6 | | |
| 6 | | 5 | 1 | | | | | |
| | | | | | 8 | | | |
| 2 | | | | | | | 8 | |
| 9 | 2 | | | 7 | | | 5 | |
| | 7 | 3 | | | 6 | | | |
| | | 1 | | | 9 | | | 2 |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*




# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

VEISSENTRAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

*Koopkrag gewaarborg*

Kontak ons bemarkers

**P.J. MÜLLER**
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker



**CORJAN DE JAGER**
079 506 8777



Frankfort
Cornelia
Roadside

**FANIE VAN DER MERWE**
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville



**DAVID GERBER**



082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

**GERHARD HARTMAN**
082 550 2054
Villiers
Grootvlei



**HUGO GROENEWALD**



082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

**IAN GROBBELAAR**
060 965 6207
Afslaer






# CANTARE
*Lofprysingsdiens*

**Sondag: 6 Oktober 2019 om 18:00**

**NG Moedergemeente Kroonstad (Sagte kollekte word opgeneem)**

**Tema**
God se Genade is vir ons genoeg!
Hoe reik ons uit na mekaar?

**Kunstenaars**
Soliste: Dewald Grobler (Bariton) Joe Muller (Tenoor).
Rozanne Pienaar (Sopraan) • Fluite: Carel en Carla Steyn
Klarinet: Anci Duffin • Orreliste: Isabel Kruger
Trompet: Carlo Wright • Saksofoon: Mossie Mostert
Voordrag: Mada Oosthuizen • Manskoor, Dameskoor en Kinderkoor.
Massakoor sluit die program af.
Gemeentesamesangasookmusikantewatpaarwerkesalspeel.

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Matriekafskeid - Hoërskool Heilbron

Hoërskool Heilbron se matriekafskeid het 19 September plaasgevind. Die tema was duidelik sigbaar deur die graad 11 leerders wat elkeen soos 'n karakter uit "The Greatest Showman" aangetrek het. Elke karakter se klere was handgemaak en dit het behoorlik die toe-skouers se aandag getrek. 24 Paartjies het die saal binnegestap deur 'n tonnel wat hulle aan 'n beeldskone maroen, wit en goue saal met 1 000 liggies blootgestel het. Rokke wat die dogters gedra het was uiteenlopend, van klassieke ontwerpe tot meer deftige en uitspattige ontwerpe. Die matrieks het 'n heerlike ete geniet en die kos wat gemaak is volgens die sirkustema was alles behalwe gewoon. Die graad 12 leerders is later die aand verras met 'n "photo booth" en praktiese geskenk. Die weer was uitstekend en nie 'n windjie het gewaai nie. 'n Onvergeetlike aand is agter die rug en sal nog lank deur die leerders en ouers gekoester word. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie. (Foto's van die matriekafskeid is beskikbaar by André Pretorius).



# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Groot aplous vir die Hoogte Boere Vereniging mense, wat vir ons op Erfenisdag verras het met 'n lekker braai, vir dinner. Wors, vleis, tamieslaai, pampoentert, roomys en 'n "veilige doppie" vooraf. Ons het hulle al leer ken as omgee-mense, wat ons nog nooit vergeet het nie. Geen opofferings is vir hulle te veel nie, en ons weet dit kom alles uit liefde, uit hulle harte. Glo my dit beteken vir ons baie. Dankie baie vir al die oop harte en hande. Ons waardeer dit baie en geniet dit.

Met hierdie geleentheid, wil ek nog 'n klompie omgeemense bedank, wat soveel opofferings maak en ons strate wat vol gate is, herstel. Dis 'n groot en belangrike taak wat julle verrig. Baie dankie. Ons waardeer julle almal.

***Die volgende skrywe is ontvang van Ntong Tshepo gerig aan die redakteur.***

**WIPE YOUR TEARS AND TRY AGAIN**

What do you do when you have done it all and nothing has come of it?

What do you do when you have tried all you thought possible and yet nothing intended has ever come through?

When you have run out of friends to help you, run out of money to get you by, as well as run out of ideas on what to do next?

You stand up, dust yourself off, wipe away those tears, and start all over again.


No dream of ours was ever meant to be easy to achieve. No guarantees were promised to us when we dared to dream. Yes it's tiring to keep trying when there are no results. But listen, the finest steel has to go through a hot fire.

Trying times and character testing moments, are some of the things that are bound to happen when we dare to go for big dreams.

Don't give up on your dreams.

By Ntong Tshepo

# Ri's Werkswinkel brei uit




*Ri's Werkswinkel het weer 'n nuwe aanstelling gemaak en het hulle span laat groei met 'n ingenieurspos. Algemene draai-en freeswerk word nou gedoen deur Henk Greyling. Op die foto: Henk Greyling*

# terugblik



***HEILBRON HERALD, VRYDAG 10 SEPTEMBER 1999***

***A.P. KERK HOU HUL EERSTE STRAATTAFEL -*** *Die AP Kerk het hul eerste straattafel van die seisoen gehou ten spyte van ysige koue weer. Op die foto: Ina Lombard, Annette Myburgh, Annatjie Els en Kotie van der Westhuizen.*




HNR Afslaers

**HNR Afslaers bied met trots**

*Immigrasie-Veiling*

**ALGEHELE UITVERKOPING**

SATERDAG 5 OKTOBER 2019 OM 10:00 • PLAAS BOOMPLAAS, HEILBRON

**VOERTUIE EN MOTORFIETSE:** 2009 Toyota Yaris 3-deur 1100 met 110 000km, Suzuki LTZ400 2004 - 4-wiel, 3-wiel motorfiets, Kazuma 10cc vierwiel, antieke bus nie lopend (net dop - ideaal vir restaurant - klaskamer - gastekamer), bakkietralies vir Toyota LWB, bokkies vir voertuie, dubbelas dollie, Falcon snymasjien, klein motorfiets vir onderdele, platbak enkelas sleepwa 2 ton, s/s *rollbar* vir Toyota Raider, Raleigh AC 2000 resiesfiets, Toyota *bullbar*, Venter kokerbak 1 ton enkelas sleepwa, Venter sleepwa 6vt, ens.

**IMPLEMENTE:** Koeler 5m x 2m x 2m, kunsmispomp, Lincoln sweismasjien vir onderdele, sentrifugaalpomp met motor, trekker *pulley*, waterpomp,1 ry plantereenheid, 2m Soilmaster skoffel, 2 skoffelrame, 3m tefsaaier, 3-skaar raamploeg, 4-tol hark, 3-punt skraper, baie planter onderdele vir JD 7000, 1-toon ripper, hooglaai baalvurk, onkruidspuit, petrolblaser, saadmenger, ou sleepdis, tiller 7 tand, vuurvegter, enkelas sleepwa, antieke skoffel, osploeg 1-skaar, 2-skaar ploeg met wiele drom vir saad meng en vele meer.

**PLAASTOERUSTING:** Elektriese sementmenger, elektriese grassnyer, kragopwekker, graandam 130 ton, ysterpale, ysters, sinkplate, verskeie *rims* met bande en vele meer.

**HUISRAAD:** *Hifi* met luidsprekers + dvd, ¾ bed - katel met matras, 6-fin olieverwarmer, bedlampies, boks TV, Defy outomatiese wasmasjien, Defy Auto Dry tuimeldroër, gordyne, Hoover stofsuier, horlosies, kinder riempiesstoele, klererakke, kombuistafel plus 5 stoele, kombuiskaste ± 10 eenhede, kombuiskassie, lampstaander,melamien tafel plus oorgetrekte stoele, mini spitbraaier, muurverwarmer nuut, opvou kieriestoeltjies, Ariston gasstoof, Phillips radio CD speler, platespeler, slaapkamerstel: dubbelbed + 2 kaste + kopstuk + spieëlkas, Sleeper 8-sitplek eetkamerstel, Sleeper koffietafel, staanverwarmer, staanwaaier, strykyster, Superfreeze kisvrieskas, tafel en stoele, broodrooster, tuimeldroër, Vorwerk stofsuier, klok horlosie

**SKILDERYE:** Kralewerk in raam, Donna Wood skilderye, voëlprente, kosmosprente, antieke rame, huisie portret, portrette, pappegaaiprente, tapisserie, Afrika koperhorlosie, versamelaars teelepels in rakkie en vele meer.

**KOMBUISRAAD:** Elektriese ketel, elektriese koekiedrukker, elektriese braaier, *hotdog* maker, houtskinkbord, ingelegde vrugte, kolwyntjiepanne, konveksie oondjie, Sodastream met 4 gasbottels, swartpotte, TV skinkborde, ysmaker, meelblik, 2-plaat gasstoof, 3-poot potte, 4 s/s bekers in houer, afdroograkkies, bekers, blikkies, borde, messe, glase, braaipan, broodpanne, eetgerei, emalje skottel, emalje potte, Gladwrap masjien, glasbakke, 5 groot koppies, blikbekers, groot s/s pot 15 liter, groot vleispan, koekblik, koekpanne, koekdrukkers, koppies en pierings, lepels + vurke, mengbakke + Tupperbakke, elektriese menger, messestel in houtblokkie, stoompotte, Tecla potte om vrugtesap af te trek, en vele meer.

**KAMPTOERUSTING:** Visstokke + katrolle, visvang gereedskap, Cadac gasbraaier, gaslamp, grondseil, gasbottels 7kg, s/s braaier, tent, toeknyprooster, kampstoel, eetgerei, kamptafels, tentpenne, hamer, ens.

**VEETOERUSTING:** Vervoerhok, rekkietang, spuite, tange, tatoeëertang,

**MELKERY TOERUSTING:** 1600L melktenk met kompressor - direkte verkoeling, roomkanne, melkmasjien vakuumpomp, melksif en -emmers, ens.

**GEREEDSKAP:** trapleertjie, trekskaal, hand wielpomp, boutoerusting, houtlatte ( brandering), lere, kruiwaraam, pyphamer, rakke, rugsakspuit, saktrollie, batterylaaier, blare blaser, bench grinder, bobbejaan spanners, boldcutter, g-klampe, harke, hidroliese pers, houtsaag, domkragte, kragtoetser, kruiwa, baie ou spanners, oliekannetjie, oliebad sweismasjien, skroewedraaiers, pikke, pyp buigmasjien, pypsnyer, ratchet om ketting styf te trek, Wolf grassnyer, baie gereedskap – te veel om op te noem...

**VLEISVERWERKINGSTOERUSTING:** elektriese vleissnyer, biltongkerwer, handmeule, Meat-Master vleissaag met elektriese motor, Meat Pride vleissaag, *tenderiser*, worsstopper, meuletjie met elektriese motor, gas steakbraaier

**DRANKVERSAMELING:** Sjampanje bottels + KWV wyne, verskeie versamelaarswyne (meer as 100 bottels)

**TUINORNAMENTE:** Plastiese patiotafel plus 6 stoele, draadtuinstel (tafel met 4 stoele), verskeie pragtige ornamente uit blik vir die tuin.

**ALLERLEI:** Enkel *lockers*, Evertop skudmasjien, gasverwarmer, groot buiteligte, groot krat, hout *cot*, kandelare vir kerse, kapstok/hoedestok, kathuise, matverwarmer vir diere, oefenfiets, baie ornamente, ottomans, tafeltennistafel, trommels, beeldjies, infrarooiligte vir honde, antenna, Avery skaal, blou plastiese dromme, bokssak, budgie hokkies, eier broeikas, enjin onderdele, gasbottel 18kg, geute, geyser 150L, groot voëlhok, oefentrappe, perdesaal + -toom, loopring, seeppot, trampolien - volledig, antieke skaal,

Items kan voor die veiling onttrek of bygevoeg word.

**TERME:** Slegs kontant, EFT op terrein, kaartfasiliteite beskikbaar.

Geen item sal verwyder word voor ten volle vereffen is nie.

1. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar. 2. 10 % Koperskommissie op los bates betaalbaar.

**NAVRAE EN BESIGTIGING KONTAK:** ***Samuel Brayshaw 084 603 3853.***

**ROETEAANWYSINGS:** ***Ry 25 km vanaf Heilbron op Sasolburgpad. Draai regs by plaas in.***

***Ry 25 km vanaf Sasol/koppies kruising na Heilbron. Draai links by plaas in.***

HNR AFSLAERS vir fotos Find us on: facebook.

Herald Sport

# Mug bly in die familie

Saterdagoggend is daar vroeg reeds afgeslaan deur sowat 20 gholfers om betyds klaar te maak vir die rugby wêreldbeker tussen die All Blacks en die Springbokke.

Daar was selfs besoekers van Frankfort wat kom saam speel het. Tesame met die Saterdag-spel is ook die HBA Monthly Mug aangebied en wen Edward Muller sy eerste mug in 'n paar jaar, net om te noem sy skoonsus Melony Pretorius borg die Mug. Edward het 'n netto telling van 70 gespeel en tweede was Jackie Leonard met 73.

Edward en Abrie Watson wen ook hulle dubbelputjie spel teen Gerrie Muller en Eben Stander, hulle is ook een van die voorlopers om vanjaar se dubbels te wen.

Frankfort Gholfklub bied hierdie naweek hulle jaarlikse jong-boere-braaiers-vereniging dag aan. Dit word vandag en môre aangebied. Op 12 Oktober is die SPAR-dag en spelers moet vroegtydig inskryf vir die jaarlikse borgdag.

Wat spel môre betref is dit gewone spel, inskrywing vanaf 11:45 vir afslaan 12:15. Die beplanning is dat die setperke volgende week ge-"scarify" gaan word en grondontledings is gedoen deur Johnny Claassen van Highfert. Spelers sal ingelig word of die baan gesluit sal wees al dan nie.

## HEILBRON DUIWEKLUB

Die wedvlugte vanaf Middelburg was die moeilikste vanjaar aangesien die duiwe teen 'n sterk noordweste wind moes vlieg.

In die eerste wedvlug het Zenith A se wenduif 'n gemiddelde spoed van 60 kpu oor die 548km gehandhaaf en 'n baie goeie derde plek in die VPU behaal.

In die tweede wedvlug het Frik Viviers se wenduif 10 ure gevlieg teen 'n gemiddelde spoed van 56 kpu en 'n 29ste plek in die VPU behaal.

Die duiweboere kan nie verklaar hoekom die tweede wedvlug soveel stadiger was nie omdat hulle net 15 minute later losgelaat was.

Eersgenoemde Saterdag vind die langste wedvlug plaas en wel vanaf Beaufort-Wes.

**MIDDELBURG 1**
1. Zenith A
2. Zenith B
3. Zenith A
4. Zenith A
5. F Viviers
6. Crause & Seun
7. F Viviers
8. Zenith A
9. Zenith B
10. Zenith A

**MIDDELBURG 2**
1. F Viviers
2. Zenith A
3. F Spangenberg
4. Zenith B
5. F Viviers
6. F Spangenberg
7. Crause & Seun
8. Zenith B
9. Zenith B
10. F Spangenberg

# Rugby Wêreldbeker Nuus

Haker Schalk Brits verteenwoordig die Springbokspan as kaptein in hulle tweede Rugby Wêreldbeker wedstryd teen Namibië op Saterdag, 28 September om 11:45. Hierdie 38-jarige is die oudste lid van die Bokspan en daar is 13 veranderinge aangebring nadat die Springbokke les opgesê het teen die All Blacks in Yokohama verlede week en 23-13 verloor het. Schalk hardloop uit in die nommer agt trui langsaan Kwagga Smith en Francois Louw op ses en sewe afsonderlik. Agterspelers: Warrick Gelant, Sbu Nkosi, Lukhanyo Am, Frans Steyn, Makazole Mapimpi, Elton Jantjies, Herschel Jantjies.

Voorspelers: Schalk Brits (kaptein), Kwagga Smith, Francois Louw, Lood de Jager, RG Snyman, Vincent Koch, Bongi Mbonambi, Tendai Mtawarira.

Plaasvervangers: Steven Kitshoff, Thomas du Toit, Eben Etzebeth, Siya Kolisi, Franco Mostert, Cobus Reinach, Damian de Allende, Cheslin Kolbe.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite.
Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoorure by 058 852 3033.

## KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 21 September 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf 3 Susters gevlieg. Daar het 333 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is 06:30 losgelaat. Met die loslating was dit mooi weer en heelpad het 'n Noordwestewind gewaai. Die wenduif is deur Wolmarans Hokke geklok om 17:19. Die distansie was 690 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1063.735 meters per minuut.

**Hier volg die uitslae:**
1ste - Wolmarans Hokke
2de - Spartan Pigeons
3de - FED Hokke
4de - FED Hokke
5de - Wolmarans Hokke
6de - Wolmarans Hokke
7de - Wolmarans Hokke
8ste - Wolmarans Hokke
9de - FED Hokke
10de - Wolmarans Hokke



Dit was die laaste resies vir die seisoen gewees. Kransfontein Resiesduifklub bedank graag al hulle borge wat pryse vir die jaar geborg het.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

JAARPROGRAM : 2019
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 5 OKTOBER | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 5 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 19 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 8 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 23 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD | |




BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 01 OKTOBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

DONDERDAG - 03 OKTOBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 04 OKTOBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za